

Boodskap vir Sondag 20 September 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Onder inperking Vlak 1 mag ons die kerk nou halfvol maak elke Sondag. Ons moet steeds maskers dra en mekaar in ag neem, maar deur die maskers loof en prys ons met 'n oop hart en ore. Voor corona was dit sommer deel van die alledaagse gang van ons geloof – nou is dit baie spesiaal. Nou maak ons die kerkbanke halfvol eerder as halfleeg!

Wie weet wat 'n krinkspil is? So oor die duim verduidelik is 'n krinkspil die ding wat alles wat daarmee in verbinding is, bymekaarhou – in Engels die *kingpin*. In die bosbou-gebiede van Amerika en Kanada word die afgesaagde boomstompe rivierlangs laat dryf tot by die houtfabriek waar dit verwerk word. Soms dan draai die stompe dwars en die hele bedryf word dan blokkeer. Dis dan wanneer iemand oor die stompe in die rivier moet rondbeweeg en die stomp wat die blokkasie veroorsaak, moet reg druk – die stomp wat die blokkasie veroorsaak word ook die *kingpin* genoem. 'n Krinkspil kan dus alles bymekaarhou, maar ook alles blok. 'n Klein dingetjie met 'n groot effek – dis 'n krinkspil.

Wat is jou krinkspil? Almal het so iets wat meesal voel asof dit iets is wat kort, asof dit geblok word. Iets soos finansies of liefde of geleentheid of middele of 'n pa of ma of 'n vriend of die Here of wysheid of insig – daar's baie moontlikhede. Die Hebreërs het Israeliete geword na hulle so 'n krinkspil beleef het. Was dit nie vir dié ontdekking nie, was hulle dalk steeds slawe van Egipte en geheel onbekend aan die hele wêreld en die skepping armer. Wat is jou krinkspil?

In die nageslag van Josef in Egipte was die simboliese krinkspil die strooi wat hulle gebruik het om bakstene te maak vir die Farao – die verhaal kry ons in Eksodus hoofstuk vyf en verder. Na Moses en Aaron met die Farao gaan praat het om die Hebreërs toe te laat om 'n fees in die woestyn te hou soos God versoek het, het die Farao hom vervies en die Hebreërs swaarder belas deur te beveel dat hulle nie meer strooi gegee sal word om die bakstene te maak nie, maar dit self moes versamel en dit sonder om minder bakstene per dag te lewer. Hoewel die strooi die krinkspil was, was die eintlike blokkasie die Hebreërs se slaaf-mentaliteit. Hierdie nageslag van Josef het in die dekades na Josef se dood slawe van die Egiptiese farao geword het. Die krinkspil is soos 'n vinger wat wys waar die probleem eintlik is – die gerieflikheid om slaaf te wees, eerder as koningskinders wat 'n uitdaging is. Ons noem dit deesdae sekuriteit, maar is ons nie eintlik slawe van politiek en ekonomie nie?

Dis nie die tekort aan reën of finansies of geleentheid of wat ook al wat jou blokkasie is nie, maar jou oortuiging wat daaragter sit. Waarskynlik voel jy uitgelewer aan die omstandighede wat jou voorspoed blokkeer. Dit natuurlik al sê die Bybel op vele plekke dat jy kan vra net wat jy wil en dit sal so vir jou wees. Die Hebreërs onder leiding van Moses het ook so gevoel. Moses het self en direk van God die opdrag gekry om die nageslag van Josef uit slawerny na die beloofde land te neem. En kyk wat gebeur toe Moses dit aan die Farao oordra – alles word net erger! Eers moes die toekomstige Israeliete so keelvol word vir die gewoonte van slaafskap, dat hulle sou waag om die Here te glo dat daar 'n beloofde land op hulle wag. Agter die krinkspil sit daar die reuse- blokkasie dat God nooit op sy Woord geneem kan word nie, oftewel dan dat God se Woord nie vir ons werk nie vir een of ander rede.

Die omstandighede wat ons versmoor is groter as ons geloof in die God wat vir elkeen 'n beloofde land voorberei het. Die eintlike vraag moet dus eerder wees wat is jou 'beloofde land', eerder as wat jou krinkspil is? Elkeen het 'n unieke 'beloofde land'. Dit is daardie iets wat lyk asof alles keer dat jy dit kan bereik. Voor

jou beloofde land lê daar 'n uittog van al die innerlike oortuigings wat as dit behoue bly, jou lewensdoel sal versmoor. Elke beloofde land vra die geloof in God se Woord om dit werklik te betree. Om oor jou Jordaanrivier te trek vra die oortuiging dat jy alle uitdagings wat voorlê, sal kan aanpak en oorwin. Dit begin meesal deur jou slaafskap-kleed af te gooi en te waag om die roete na die beloofde land aan te pak. Kyk maar gerus na enige van die suksesvolle bedrywe in en om jou – elkeen sal 'n storie te vertel hê wat ooreenkomste vertoon met die beleving van die Hebreërs.

Daar sal sekerlik ook vertel word dit is asof die reis deur die wildernis nie wil ophou nie en dat al wat hulle laat oorleef is God se manna- en kwartel-hulp. Die Israeliete het 'n lang geskiedenis van verdrukking en is verskeie kere in ballingskap gedwing. Tog is hulle meesal suksesvol in omtrent alles wat hulle aanpak. Hulle glo hulle is God se volk en nie slawe nie, al het slaafskap hulle bly agtervolg vir lang tye. Die besef dat 'n God wat water kan gee uit 'n rots in die woestyn en die wonderwerk van manna en kwartels kan laat gebeur aan slawe, dit des te meer kan laat gebeur aan bevrydes, het 'n wildernis-tog van vele jare geneem om deur te dring. Die skuif van om uitgelewer te wees en afhanklik van omstandighede wat jou baas is, na 'n oortuiging van 'n God wat jou wil sien floreer in 'n beloofde land as 'n vrygemaakte rentmeester van God, vra by elkeen 'n roete. Ons is bevoorreg en gelukkig om die voorbeeld van die Israeliete te benut – jy hoef nie vir 40 jaar 'n lewens-woestyn in herhalende kringe van lesse te beleef nie.

Klaarblyklik beteken die inwoning in 'n God-beloofde land iets anders as die paradys. 'n Beter manier om agter die kap van hierdie byl te kom, is om na die vrug te kyk in jou binnekant eerder as in jou buitekant. Die slawe van Egipte het deur die plaë en wildernis en ballingskap ontwikkel tot 'n formidable volk van verskeidenheid wat veel bydra tot die ontwikkeling van God se skepping. Dit word alleen bewerk deur 'n drif van oortuiging wat deur blokkasies kan breek teen alle logika wat lyk asof dit onmoontlik is. Wat God wil, is altyd moontlik al lyk dit vir jou onmoontlik. Die beloofde land is 'n ruimte waar jy dinge laat gebeur omdat jy weet God wil en kan – 'n geloofs-ruimte. Jou grootste sukses lê altyd net agter jou grootste blokkasie of struikelblokke.

As jy 'n lewe van geluksaligheid verlang en meen dit is jou beloofde land, slaan jy die lewens-bal mis. Die grootste vreugde is om vrug te lewer wat dinge beter maak – dit bied 'n vrede wat die verstand te bowe gaan. Daarom is jou kringspil die vaste geloof in 'n God wat jou dra deur dik en dun. Daarom is jou kringspil ook die aanduiding van die struikelblokke wat jy moet oorwin om God se doel in jou voluit uit te lewe. Al is alle dinge wat jou rem om voluit te lewe sigbaar as blokkasies in jou omstandighede, is jou eintlike blokkasie aan jou binnekant. Blokkasies word eers in jou binnekant afgebreek soos die mure van Jerigo, voor die deurbraak aan jou buitekant opspring soos 'n fontein van vars water.

As jy dit weet en ken, dan sal jy ook bevry word van die mistasting dat sukses maklik is en aan jou buitekant bepaal word. Sodra jy dit insien, sal jy ook soos Jesus kan wees en God op sy Woord kan neem en vra net wat jy wil wetende God dit kan doen. As jy nog baklei teen die blokkasies asof dit jou tot 'n mislukking verdoem, sal jy net jou roete deur die wildernis verleng en afhanklik bly van manna en kwartels en water wat uit rotse gepers moet word. Dit is hoekom daar 'n wysheid is wat sê dat die wat het, meer sal kry en van diegene wat nie het nie, nog meer weggeneem sal word.

Wat dan is die spil van hierdie insig? Jy is geseën as kind van God wat ook dikwels eerder sigbaar aan die buitekant is in die blokkasies of terugslae en weer in jou binnekant met die geloof en oortuiging dat jy tot alles in staat is deur Christus wat dit vir jou kan bewerk. Dit is hoe God se definisie van sukses geskryf word

en waarom jy baie dankie moet sê vir die blokkasies wat jy beleef. Daarom is God elkeen se ware *Kingpin* en nie die strooi wat so dikwels deur die slawemeesters van die lewe aangebied word nie.

Elke uitdaging wat voor jou opstaan is 'n bewys dat God jou aan die hand neem omdat Hy jou kan vertrou om te groei in oortuiging en sodoende meer reg te kry. God se koninkryk word gebou eers binne die mens en dan buite al dink ons slaafs anderkant om. Dit is 'n ware monument van verlossing as dit ingesien word, hoewel dit omtrent altyd eers 'n reis deur die wildernis vra om te verstaan. Soos die verhaal van die Hebreërs *en route* na die beloofde land wys, is daar wel altyd wonderlike tye van melk en heuning indien hierdie insig in die hart vestig.

As jy voor die Rooisee met die weermag van vernietiging agter jou staan, óf in onsekerheid in die wildernis rondwaal, óf 'n Jordaanrivier in vloed moet oorsteek, óf sonder finansies óf sonder hoop, óf enigiets wat lyk of dit jou lewe blokkeer, dan moet jy weet jou beloofde land is voor jou en voorberei vir jou en jy kan dit betree en beleef. Al lyk dit onmoontlik kan jy weet vir God is alles moontlik, maar hy het vir jou nodig om dit vir almal en jouself te wys. Dan kan jy die Goliat voor jou neerfel met 'n klippie van geloof en voorspoed oop roep in die Naam van Christus soos Elia die reën afgebid het. Dán kan jy soos 'n Moses of Josua jou hand uitsteek oor jou Rooisee of vyand om 'n deurbraak te bewerkstellig. En die toets van gereedheid is om jou Skepper te ken as die krinkspil wat in volle beheer is van alles – van die geloofsbou-blokkasies tot die voorspoed wat die verstand te bowe gaan.

As jy soos die Hebreërs so keelvol is vir 'n blokkasie wat net bly draal en draal in jou lewe en jou in slaafskap hou dat dit jou innerlik uitmergel en uiterlik wil doodwurg, is jy waarskynlik gereed om te waag om God op sy Woord te neem en eerstens dankie te sê vir die blokkasies in jou omstandighede en dan die innerlike bevryding daarvan te ontvang. Dan kan jy die oplossing van insig, wysheid, genade, middele, finansies, reën of wat ook deur die God van liefde wat in jou is, hardop uitroep oor die omstandighede en jou beloofde land soos 'n wonderwerk te sien oopvou voor jou net soos die Rooisee en Jordaanrivier vir die Israeliete oopgevou het sodat hulle kon deurloop na hulle land van melk en heuning. Dis nie 'n paradys wat dan oopvou vir jou nie, maar groot en wonderlike dinge wat enige God-beloofde land bied om in te woel en te werk in blydschap én sukses.

Die God van liefde seën jou met geloof en as sy rentmeester op aarde met alles wat nodig is sodat jy in alle opsigte altyd kan doen wat jy moet doen en nog oorgenoeg oor het om ander te seën in voorbeeld en middele.

Amen